# Belangrike datums wat volg:

7 November - Kleedrepetisie
9 November - Konsert
13 November - Begrotingsveradering
16 November - Gradeplegtigheid
17 November - Laaste Bederfdag & alle bestellings sluit
24 November - Formele program vir kleuters eindig & Kleuter piekniek
1 Desember - Afhaal van verslae, foto's, DVD's ensovoorts
6 Desember - Skool sluit om 10:00

## Kleuter-afsluitingspiekniek

Op **Vrydag, 24 November** eindig ons formele program vir die kleuters en hou ons 'n Afsluitingspiekniek in die tuin.

### Elke kleuter bring:

- Eie piekniek-verversings (Kossies, chippies en lekkers)
- EEN piekniek-speeding (Nie kosbaar of breekbaar nie)
- Piekniek-kombersies is welkom
- Enige blikkie/pakkie onbederfbare kos of toiletware om Kersfees-"hampers" vir ons getroue kombuis-assistente asook vir ons tuinman op te maak.

## Groet-tyd

Ons is dankbaar vir 'n Geseënde skooljaar by Tjokkies.

Te gou is dit tyd om te groet en wens ons u en u gesin 'n vreugdevolle feesseisoen en vakansie-tyd toe!!

Veilig reis en voorspoed vir die toekoms!

TJOKKIES
PREPRIMÊR
051 - 522 3628

# Tjokkiebrief

KW. 4 NUUSBRIEF 3 2 NOVEMBER 2017

## Onthou:

**Môre Bederfdag R10**

*********

**Volgende week GEEN Bederfdag**

*********

**Laaste Bederfdag 17 November**

*********

**Laaste Nuusbrief**

## Konsertreëlings

Volgende week hou Tjokkies konsert!

Vir reëlings, kyk asseblief weer na die vorige skrywe.

Hierby ingesluit is die aanmeldtye en klas-indeling vir die Konsert.

## Kostuums

Byna al die kleuters het vandag hul kostuums ontvang. Hou dit asseblief netjies en gereed vir die vertonings. Kom vra gerus as u onseker is oor enige iets rakende die kostuums.

## Konsert Foto/DVD Bestellings

Die bestellings geskied in die week na die konsert. Hou die bestelkoeverte wat hierby ingesluit is byderhand vir die doel.

Die skool neem geen wins op die Konsertfoto's nie.

Let asseblief op dat alle bestellings op 17 November sluit.

## Buitemuurs

As gevolg van die konsert is daar geen Buitemuurse aktiwiteite op Dinsdag, 7 November en Donderdag, 9 November nie.

## Verjaarsdagkalender

Die Redaksie tesame met die juffrouens het 'n groot projek aangepak deur al die kleuters te laat deelneem aan TWAALF UNIEKE KUNSWERKE - een vir elke maand van die jaar!

Dit is alles saamgevat in 'n Verjaarsdag-kalender, wat nie jaar-gebonde is nie. Hierdie kalender is absoluut uniek en elke kleutertjie se naam is by die prent waarmee hy/sy gehelp het. Dit is ook 'n baie oulike geskenk vir groot-ouers of vriende. Die aankoop daarvan is opsioneel en bestellings geskied deur middel van die bestelkoevert wat by die nuusbrief ingesluit is. 'n Voorbeeld van die kalender is in die kantoor, as u eers daana sou wou kyk.

**Koste**: 1 Kalender @ R45,
2 of meer kalenders @ R40 elk.

Let asseblief op dat alle bestellings op 17 November sluit.

## Begrotingsvergadering

**vir ouers**

Maandag, 13 November om 18:00 in die skoolsaal.

Dit het betrekking op Gr. R-ouers wie se kleuter volgende jaar in Gr. 1 is.

## Foto CD: Jaarfoto's 2017

Saam met die bestellings word daar 'n foto CD beskikbaar gestel wat honderde foto's bevat van die hele jaar. Dit is onder andere foto's van uitstappies, spesiale dae, normale leeraktiwiteite, ensovoorts. Ons poog dat al die kleuters êrens op die foto-CD verskyn.

**Hierdie CD sluit NIE konsert foto's in nie!**

Let asseblief op dat alle bestellings op 17 November sluit.

## Gradeplegtigheid

**Donderdag, 16 November**

**Aanmeld vir foto's:**

**Blouklas - 17:00**

**Geelklas - 17:20**

**Groenklas - 17:40**

Drag: Gr.1 Tjokkies somer skooldrag, kaalvoet.

Verrigtinge begin om 18:00 in die saal.

Ons nooi al ons Graad R-ouers uit na hierdie pragtige geleentheid.





## Komitee's

- Sosiale komitee afsluiting
  14 November om 17:15 by Tjokkies
- Redaksie afsluiting
  23 November om 17:15

## Entrepreneursdag

Die Laerskool se Entrepreneursdag vind nie meer plaas nie as gevolg van die eksamen wat vroeër begin.

## Verlore klere

Die krat met verlore klere gaan vir die volgende week by die voorhekkie uitgesit word. Kyk of daar iets is wat aan u kleuter behoort en neem dit asseblief. Na die week gaan alles wat onopgeëis is aan liefdadigheid geskenk word.

## Skoolgeld

Maak asseblief seker dat alle skoolgelde op datum is. Baie dankie vir getroue inbetaling van skoolgelde deur die jaar.

## Rooiklas

Ons herinner u daaraan dat hierdie maatjies wat volgende jaar in Gr. R gaan wees, 'n skryfbehoefte pakket @ R200.00 by Edunation moet aankoop voor 30 November.

## Vorderingsverslae

Die laaste kleuter vorderingsverslaggie van die jaar word op 1 Desember uitgegee saam met die foto's, DVD's, kalenders ensovoorts.

## Nuwe baba

*Juffrou René wil graag dankie sê vir al die gelukwensings met die geboorte van hulle nuwe baba.*

*Dit was baie spesiaal.*